# RPO Markverslag

## Week 03 van 2026

Week geëindig op 13 Januarie 2026






**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 16 Januarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R41.07 | 0.4% | -1.1% | 20.1% |
| A2 (R/kg) | R65.06 | -2.2% | -6.8% | 16.8% |
| B2 (R/kg) | R60.64 | -4.0% | -3.4% | 26.6% |
| C2 (R/kg) | R60.47 | -1.0% | -2.2% | 25.1% |

# Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 3 redelik sywaarts verhandel, maar is steeds 20.1% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die verwagting is dat die prys effens kan styg tot in Februarie en dan stelselmatig kan begin daal soos speentyd in Maart aanbreek. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Februarie ongeveer R42/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R37/kg en nie hoër as R48/kg behoort te wees nie.




# A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 3 met 2.2% gedaal teenoor die vorige week en is tans 16.8% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue hoër aanbod en swakker vraag. Die verwagting is dat die prys tot in Februarie stelselmatig kan daal en van Maart af weer ‘n stygende tendens kan volhou. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Februarie ongeveer 67/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R60/kg en nie hoër as R75/kg behoort te wees nie.

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

# RPO Markverslag


## Week 03 van 2026

Week geëindig op 16 Januarie 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 16 Januarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R50.11 | -2.3% | -1.4% | 23.4% |
| A2 (R/kg) | R110.60 | -3.3% | -0.9% | 13.3% |
| B2 (R/kg) | R84.70 | 1.7% | -7.5% | 33.9% |
| C2 (R/kg) | R82.97 | -0.6% | -3.4% | 29.0% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 3 met 2.3% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 23.4% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n hoër aanbod van lammers. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou vanaf Februarie soos die aanbod op stoorlammers verminder. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Februarie ongeveer R51/kg te wees, terwyl dit nie laer as R47/kg en nie hoër as R56/kg behoort te wees nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week met 3.3% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 13.3% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die skerp daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue swakker vraag na lamkarkasse. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike sywaartse tendens kan volhou tot in Februarie en verder daal vanaf Maart. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Februarie ongeveer R110/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R99/kg en nie hoër as R123/kg behoort te wees nie.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*